

23 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 89:39-53

Maar nou...?

Teenoor die koningskap van Dawid, aan wie die Here trou beloof het, word die huidige ellendige toestand vanaf vers 39 geteken met die woorde: "Maar nou..."

Nou het die Here, in sy toorn, tog sy gesalfde verstoot en verwerp. Die digter kla dat die Here sy verbond met Dawid nie in ag geneem het nie en die koning se kroon tot in die grond vertrap het. Die klag lui verder dat die Here die koning se jeugdige krag verbreek en hom diep verneder het. Dit alles loop uit op die brandende vraag: "Waar is u liefde van vroeër, Here, wat U in u trou plegtig aan Dawid belowe het?" (vers 50). Hoe kon die Here toelaat dat die koning weggevoer word? Het die Here dan vergeet dat dit sý gesalfde is wat gesmaad word?

Die probleme wat in hierdie vrae na vore kom, roep om die antwoord van die evangelie van Jesus Christus. Die koningshuis van Juda het nie 'n koning gelewer wat beantwoord aan die profesieë oor die Seun van Dawid nie. Maar die evangelie wys Hom aan: Jesus is die Seun van Dawid (Matt 1:1; Rom 1:3). In Hom is die belofte van 'n ewige koningskap vervul. In Hom het die Here sy trou aan Dawid bevestig.

Sing: Skrifberyming 43:1,5

Dr F van der Walt (Bellville-Oos)